

## Mark 2:1-12

Brakkenjan is die Afrikaanse kinderweergawe van die The Three Musketeers.

“All for one and one for all, united we stand divided we fall.” — **Alexandre Dumas**, Uit die 19de eeu

*“Een vir almal en almal vir een, verenig staan ons en verdeeld val ons.”*

Hierdie slagspreuk was die leuse wat die 3 “musketeers” aan mekaar gebind het met ‘n gemeenskaplike doel. Hulle help mekaar ook en hulle sien om na mekaar. Ons ouer mense ken die leuse die beste nav die kinderweergawe van Brakkenjan.

Ons gaan 2 gedeeltes lees wat direk hiermee in verband staan:

As jy eers jou Bybel wil gaan haal, kan jy nou jou video stop wanneer jy die skrifgedeeltes op die skerm sien.

### *Johannes 5:1-17*

#### *Die genesing op die sabbatdag by Betesda*

1 Hierna was daar weer 'n fees van die Jode, en Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan. 2 **By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad met die Hebraeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad, 3 waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. 5 Onder hulle was daar 'n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was. 6 Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?”**

7 **Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.”**

8 **Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.”**

9 Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop.

Hierdie gedeelte fokus op 'n man by Betesda wat by die water lê. Elke keer as die water geroer word, skuifel hy nader, want hy glo dit sal hom genees. Maar ai, dit is altyd net te laat.

Dis nou al 38 jaar lank! So lê hy saam met al die ander gestremdes daar rondom hom by die Bad van Betesda by die Skaappoort in Jerusalem.

Maar iemand staan uiteindelik nader, Jesus. *“Jesus het hom sien lê en geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy hom: ‘Wil jy gesond word?’”* Wat 'n vraag!

Maar, dan antwoord die man Jesus: *“Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.”* Let op, hy vra nie vir Jesus om hom gesond te maak nie. Hy wil net in die water kom. Miskien kan Jesus hom daarmee help ...

Jesus help hom egter nie in die water in nie. Jesus doen iets baie meer. Hy genees Hom, want dít is wat Jesus kom doen het: *“Staan op, tel jou goed op en loop”*. So maak Jesus die grootheid en almag van God die Vader bekend. Dit is waaroor hierdie wonderteken gaan. Dit gaan om God se mag, sodat mense tot geloof in Hom kan kom.

En wat gebeur? Die man raak gesond, tel sy goed op ... en loop. Weg van Jesus af! 'n Mens sou dink dat hy sou dankie sê. Dat hy bly sou wees. Dat hy meer sou wou weet van hierdie man wat hom genees het. Maar, nee. Hy tel sy goed op en loop, weg van Jesus af.

Lees die teks van Mark 2:1-12

*1 Toe Jesus ná 'n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend geword dat Hy by die huis is. 2 Baie mense het daar saamgedrom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie. Hy was besig om met hulle oor sy boodskap te praat. 3 Daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra. 4 Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak.*

*5 Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, jou sondes word vergewe!” 6 Maar sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en hulle afgevra: 7 “Waarom sê hy so? Hy praat mos godslasterlik! Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?”*

8 Jesus het dadelik geweet dat hulle by hulleself so redeneer. Hy sê toe vir hulle: “Wat redeneer julle by julleself hieroor? 9 Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: ‘Jou sondes word vergewe’, of om te sê: ‘Staan op, vat jou draagbaar en loop’? 10 Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe.” Hy sê toe vir die verlamde man: 11 “Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.” 12 Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”

Markus 2 Die verhaal van die verlamde man wie se vriende hom deur die dak tot by Jesus bring, is aangrypend.

Dit vertel van iemand wat ander mense se sorg ontdek.

Hierdie man ontdek liefde en sorg:

- Hy het iemand nodig gehad om hom fisies na Jesus toe te dra.

Ons sien hierdie man wat in sy wanhoop en desperaatheid by die huis lê. Hy is verlam. Hy kan nie loop nie. Hy kan op geen manier by die dokter/Dokter uit te kom nie.

Maar gelukkig het hy vriende. Hy het vriende wat vir hom omgee. Hulle soek saam met hom na oplossings. Hulle is saam met hom moedeloos en desperaat.

Hulle hoor van die Groot Geneesheer met die naam Jesus en hulle begin hoop kry vir hierdie vriend van hulle. En hulle het genoeg van Jesus se wondergenesings gesien dat hulle glo dat Jesus kan help!

En daar en dan besluit hulle: Vandag (!) dra ons vir Lambert na hierdie Jesus toe!

Sy hele leefwêreld was waarskynlik hierdie vierkantige draagbaar van twee takke en 'n stuk lap waarmee ander hom elke dag moes ronddra.

Die 4 vriende gryp die draagbaar en hulle stap doelbewus na Petrus se huis waar Jesus is. Maar daar is soos gewoonlik massas mense rondom Jesus. Hulle kan nie eers by die deur van die huis inkom nie. Die agterdeur staan ook vol mense!

Hulle kyk vraend na mekaar .... “Dink julle wat ek dink?”

En hulle knik vir mekaar!

Hulle klim op die dak. Hulle begin om arme ou Petrus se huis se dak oop te breek!  
Dit was maar 'n dak van riete wat met modder en klei bedek is.

Kan jy dink hoe verbaas was Jesus en die mense toe die dak bokant hul oopgebreek word. En dit is net stof en klei op die klomp daar onder!

En Petrus kla oor sy dak. En die mense daar onder kla oor die stof op hul koppe en in hul oë!

Maar die vriende ontsien niks nie. Hulle sal almal se klere was as dit nodig is. Hulle moet net vir Lambert by Jesus kry!

En hul laat sak hom op die draagbaar tot voor Jesus!

***“Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.”***

Dit is wat gebeur gebeur wanneer mense vir mekaar begin omgee!!

In die verhaal van Johannes 5, het ons gelees lees ons van die sieke daar by die bad van Betesda

Hy lê al 38 jaar lank siek daar by die bad met die wonderkrag.

Sy wanhoopskreet is “Ek het niemand nie! Ek het niemand wat my kan help om in die water te kom nie! Vir 38 jaar al het ek niemand nie!”

In Mark 2 lees ons die teendeel.

Hierdie verlamde het iemand! Hy het trouens 4 vriende wat vir hom omgee.

Jesus genees die verlamde man.

“Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.” Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap.

Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”

Ons is almal ingeperk. Sit in ons eie huise.

Daar is baie mense wat ook vandag vir ons sal sou kon sê: “Ek het niemand nie.”

Miskien is jy self so iemand.

“Ek het niemand.” Of “Ek het behoefte aan baie meer sorg, bemoediging, omgee en liefde.”

Daar is egter ook 'n groot struikelblok: dat ons mekaar nie vertrou met ons nood nie. Ons nie vra vir hulp nie.

As ons nie vra vir hulp nie, hoe gaan ander weet van ons nood?

Natuurlik is dit moeilik om vir hulp en bemoediging en voorbidding te vra.

Natuurlik is dit net soveel beter as daar mense rondom jou is wat sommer kan sien dat jy dit nodig het.

1. Bied jouself aan om vir ander 'n *iemand* te wees.

Jy is daar om ander te dra.

Jy is daar om ander te help

2. Waag dit vandag om vir iemand anders te sê dat jy liefde, omgee en sorg nodig het.

Ons moet musketiers wees: *“Een vir almal en almal vir een, verenig staan ons en verdeeld val ons.”*

Vandag is die tyd waar ons as landsgenote, ongeag ras kleur kultuur of geloof vir mekaar moet omgee, om mekaar te bemoedig en te versorg –

Daarom is vandag 'n besondere dag waar ons 'n beroep doen op elke Suid Afrikaner om saam te werk daaraan om hierdie pandemie die hok te slaan.

*“Een vir almal en almal vir een, verenig staan ons en verdeeld val ons.”*

*Wat kan jy doen vanaf jou huis?*

*Jy kan bid*

*As jy alleen voel of wat jou nood ookal mag wees, bel 'n vriend of stuur 'n whatsapp aan een van die onderstaande nommers.*

*Meld jouself deur 'n whatsapp aan een van die volgende nommers te stuur as jy bereid is om eensame mense gereeld te bel.*

*Riata: 082 560 5283*

*Petri: 073 166 1306*

*Bas: 082 823 1762*